# NOORD-RHODESIË.

Afgesien van die vervulling van 'n ou belofte is my doel met hierdie artikel slegs om indrukke weer te gee van persoonlike waarnemings, teneinde belangstelling op te wek vir 'n land wat saam met aangrensende gebiede vandag onder bespreking is. Dit geld die Afrika-probleem, en die plek van die Afrikaner op hierdie politieke skaakbord. Dit is nogal baie interessant om op die toneel self sake in oënskou te neem, waar die deelnemers aan die aanstaande wedstryd plekke begin inneem. Afgesien van persoonlike waarneming en onderhoude het ek o.a. die volgende geraadpleeg: **Northern Rhodesia,** Official Handbook, 1947, second edition 1948; verskillende nummers van **Die Volksgenoot**; en ditto van die **Bulawayo Chronicle.** Ek hoop 'n beter hand sal die pen opneem om te verbeter en aan te vul.

**Die Land en sy Aard.** Die oppervlakte van die land beslaan ongeveer 290,300 vierkante myl. Dit is geleë 3,000 tot 5,000 voet bo die seespieël. Dis 'n land van bosse en berge, van vleie, riviere en mere. Die bosse domineer. Berge is minder, en bereik selde 'n besondere hoogte. Tog is daar 'n enkele met 'n hoogte van 8,000 voet. Omdat die land oor die algemeen so gelyk lê, stoot rie riviere dikwels myle aaneen oor die walle, soms tot 30 myl breed, en verander die vleie in moerasse.

Van die baie riviere en strome wat die land omstroom en deurkruis is die vernaamste natuurlik die Zambesi, wat so naasteby die grens aan die Weste, en dan weer aan die Suide vorm, in geheel 1,700 myl lang. Beroemd is die Victoria Valle, 1¼ myl breed, en onmiddellik daaronder die smal skeur waarin die ontsaglike watermassa wegvloei.

Groot mere word gevind in die Noord-Ooste, die paradys vir hengelaars en jagters.

Alhoewel die land ook tye van droogte ken, veral die afgelope jaar, is die reënval taamlik gereeld, en in die Noorde tot 60 duim per jaar. Die klimaat is sub-tropies, en daar is dele wat besonder geskik is vir landbou en veeteelt.

Die grootskaalse ontginning van die kopermyne in die Noorde bring mens soms onder die indruk dat jy op die Rand is. Op Broken Hill is 'n myn waar 'n groot verskeidenheid van metale ontgin word, hoofsaaklik lood en sink.

**Die Regering van die Land.** Teen die einde van die 18de eeu het die Portugese vanaf die Ooste probeer deurdring om regte in en seggenskap oor die land te probeer verkry, maar dit het misluk. In 1850 bereik

Livingstone vanaf Bechuanaland die Zambesi, en sit sy ontdekkingsreise verder voort. Op sy spore kom sendelinge en handelaars. Voorlopig kom die land onder die bestuur van die British South Africa Company. In 1900 word die hele gebied verenig onder die Britse vlag. Vanaf 1924 is Noord-Rhodesië 'n Kroonkolonie.

**Bevolking.** Die blankes woon hoofsaaklik langs die spoorlyn wat die land van Suid na Noord deurkruis, en in die koperstreek, Noord-wes. Dis 'n bevolking van ongeveer 20,000 teenoor ver oor een miljoen naturelle. Meer as 1,000 Indiërs woon in die land. Mens kom onder die indruk dat hulle die kleinhandel monopoliseer. Selde of nooit kom mens 'n winkel van blankes teë, behalwe op die groot plekke.

Wat die Afrikaners betref, dis moeilik om juiste syfers te bekom. Die syfers van die kerke gee nie die aantal Afrikaners aan nie, want 'n baie groot deel het niks meer met die kerk te doen nie. Om name by die staatsdepartemente en by die mynkantore na te gaan, gee ook nie veel nie, want baie mense met Afrikaanse name het totaal gedenasionaliseer. Ek dink ons kan veilig sê ongeveer die helfte van die blanke bevolking is Afrikaners.

**Hoe lewe ons mense daar?** Dis maar soos ons ons nasie ken van die begin van sy bestaan. Hulle was trekkers, jagters en boere, en hulle is dit vandag nog, alhoewel hulle nie meer so baie trek nie. Die neiging is om te gaan woon, sodra daar lewensmoontlikheid is. Druk die wêreld 'n bietjie, dan is daar uitkoms op die Spoorweë, of in die myne. Maar die Afrikaner se hart trek maar altyd weer terug na die boerdery.

**Die Kerk.** 'n Boer kan nie lank sonder sy kerk bly nie; en die kerk laat ook nie op hom wag nie. Daar bestaan gemeentes orals waar Afrikaners is. Van die Ned. Geref. Kerk is twee predikante werksaam by die myne, en een op Lusaka. Livingstone is op die oomblik vakant. Ook ander gemeentes maak klaar om te beroep. Die Hervormde en die Gereformeerde Kerke hoop om ook in die naaste toekoms elk 'n eie predikant te verwelkom. Die kerklike blaaie sal ons meer hieromtrent kan meedeel. Ek het nie veel spore van sektes raakgeloop nie, maar hulle is darem ook daar. Soos ook elders, doen die Ned. Geref. Kerk ook hier geweldig baie in belang van die sending.

**Onderwys.** Op hierdie gebied is dit maar treurig gesteld, maar beide ouers en owerheid gevoel die verantwoordelikheid. Daar is byna geen hoërskool-onderwys nie. Dis hier waar die Rooms-Katolieke alweer indruk. Tot onlangs het Afrikaans geen plek op skool gehad voor Standerd 7 nie. Tans begin die kinders darem al vanaf Standerd 5 Afrikaans leer. Die Engelse begin ook besef dat die kinders wat beide Afrikaans en

Engels ken 'n voorsprong het voor ander. Die Afrikanertjie ken gewoonlik Afrikaans, Engels en meesal ook Kaffertaal, en vind dit gevolglik nie moeilik om in 'n werk te kom nie. Van C.N.O. is daar geen sprake nie. Ouers wie se omstandighede dit toelaat stuur die kinders na Boshof, na Zeerust of selfs na Stellenbosch. Bothashof, voorheen Daisyfield, in Suid-Rhodesië is ook 'n belangrike toevlugsoord vir die wat hulle volkseie op prys stel.

**Nou nog iets oor die taal** wat ons mense praat. Onder omstandighede nogal suiwer, veral onder die boere. Mens merk die invloed van die Bybel, van die kerk, en van die moeder. Die moeder moet gewoonlik al die korrespondensie, en dikwels 'n groot deel van die onderwys waarneem.

Natuurlik wemel dit van anglisismes. Dit kan ook nie anders nie. Die mense hoor heeldag die Engelse uitdrukkings en dan wend hulle dapper pogings aan om die uitdrukkings Afrikaans te maak. Luister hier.

Daar is mense wat in 'n „dubbelstorie" bly.

Almal „deel" by die „stoor."

'n Sieke kon nie deur die plaaslike dokters gehelp word nie, toe het hulle haar „gevlie" na die Unie.

Iemand wat nogal deurgaan vir 'n B.A. word sommer baie geleerd as hy praat van „industriaal" en van „indiwiduaal."

Die mense „gaan in" vir koring, en hulle „groei" mielies. In hierdie feesjaar het baie ook baarde „gegroei."

Ons het lank gewag, maar 'n sekere man wou nie „opdraai" nie, toe loop ons maar aan.

Elke dorp het ook sy „grafjaart," of wat-„ever" dit jy ook wil noem.

Die pa en die seun het saamgeboer, maar toe het hulle 'n „argument" gehad, en is toe uitmekaar.

Hy was nie seker van sy saak nie, maar „vat" toe maar 'n „kans."

Ek het al dikwels iemand hoor sê „ek geniet myself." Ek wonder hoe hy dit regkry.

Natuurlik hoor mens baie van die dinge in die Unie ook, en selfs erger dinge. Hoe lyk hierdie een uit Noord-Transvaal. Ek is nie bereid om die „waagstuk te hardloop nie."

Interessant is die name vir nuwelinge. Omdat hulle gewoonlik nie veel weet nie, is hulle maar lig „lighties." Vreemdelinge van oorsee is „souties," ('n verdraaiing van die woord soutrieme). Kom hy van die myne van Cornwall, dan is hy 'n „Cousin Jack."

Hierdie staaltjie moet ek nog vertel, en hoop dit dien as 'n waarskuwing vir die onwetende. Ons stap in by die Board of Management in belang van kerk-erwe, en ek vra die ouderling: Oom Piet, praat maar, oom kan Engels beter gooi as ek. Nee, praat maar in Afrikaans, antwoord die bestuurder. Ons het geskrik, maar was ook aangenaam verras.

Voor die eeu verby is praat ons Afrikaans van die Kaap tot in Cairo.

Dit bring my by die laaste punt.

**Wat kan ons sê van die Toekoms?** Veral in sover dit die Afrikaner raak? Ja, selfs in soverre dit die toekoms van die blanke beskawing betref? Op die oomblik lyk die vooruitsig so helder soos koffiemoer, soos meester altyd gesê het. Dit kom maar verward voor. Moenie vergeet nie dis hier waar baie groepe mekaar ontmoet, en dikwels bots. Maar juis omdat hulle so baie is, druk elkeen maar in, en as hy 'n staanplekkie het, is hy oor die algemeen tevrede. Dan sluk elke groep maar in soveel hy kan.

Van Europa, en veral van Engeland af, vloei 'n gestadige stroom van emigrante die land binne. Dis vir hulle maar moeilik om te verstaan wat hier aangaan, buite die besondere beroep wat hulle uitoefen.

Vanuit die Weste stoot Amerika in, 'n geweldige mededinger op die gebied van die mynwese en van die handel.

Vanuit die Ooste dring die Indiër binne, en begin sy wurggreep uitoefen op die gebied van die handel, maar hy sal seker nog verder gaan, soos hy ook in Suid-Afrika verder gegaan het.

Uit die Unie en uit Suid-Rhodesië stroom die Boere binne, en die stroom is so sterk, dat die Engelse onrustig begin word.

Verder is daar die tipiese Rhodesiër, 'n mooi tipe. Net jammer dat in 'n land waar die son so mooi ondergaan die„sundowners" so oorheers. En omdat die drinkery soms al vroeg in die môre begin, kan mens Rhodesië heel gepas noem „the land of the ever setting sun."

En ja, natuurlik, daar is die Kaffers, miljoene naturelle in en om Rhodesië. Hulle is die inboorlinge. Hulle sal hulle nie laat uitdruk nie.

Die groot vraag is in hoeverre die blankes eise en regte besit, en wanneer die groot botsing gaan kom, want dis blykbaar onvermydelik. Volgens wat mens soms hoor fluister lyk dit of 'n botsing selfs uitgelok word. Hier geld die eis van geregtigheid, en hier is nodig vérsiende staatsmansbeleid. Ons het met 'n **Afrika-vraagstuk** te doen.

Gelukkig lyk dit of die Engelse wat in Afrika gebore en getoë is, geneig is om sake meer en meer vanuit 'n Afrika-standpunt te besien. Dit bring Boer en Engelsman nader na mekaar. Die verhouding tussen hierdie twee volksdele is trouens baie vreedsamer en vriendeliker as in die Unie, miskien veral omdat hulle natuurlikerwys as bondgenote op mekaar

aangewys is in die land van barbare. Dit sou dwaas wees as dit anders was. Die optrede van die koloniale sekretaris, die heer Creech Jones, het verlede jaar die blankes van Rhodesië na mekaar toe gedruk. Die naturel „paramount?" Die Rhodesiër, hetsy Afrikaans- of Engelssprekend, kan dit maar nie sluk nie. En oor die beginsel van apartheid is daar ook nie verskil nie.

Ek stel vir my die saak so voor. Hier het ons met 'n land te doen wat by uitstek 'n **land vir die naturel** is. Maar die **blankes** moet optree as sy **voogde** en **opvoeders.** Die rykdomme van die land moet bestee word in belang van die land self. Die arbeidskragte is onbeperk, maar die inboorlinge moet geleer word om te werk, en hoe om te werk. Die ontginning van die land skep lewensmoontlikhede ook vir die blankes. Verder, almal moet eet. Die naturel kan meesal nie eens vir homself genoeg produseer nie. Wat die blankes betref is dit meesal **die Afrikaners wat die boerdery verstaan,** en vir die kos moet sorg. Hulle is ook goed verteenwoordig in die staatsdiens, op die myne en in ander beroepe, maar dis veral op die gebied van die boerdery dat die land blykbaar nie sonder die Boere kan klaarkom nie.

Daar het u nou die hele ding.

Nou weet u hoe kom die Boere daar,en wat maak hulle daar.

Hulle het 'n plek daar. Maar hulle het ook 'n roeping daar.

'n Plek, want hulle het gehelp om die land oop te maak, en om die land op te bou. Hulle doen dit vandag .nog.

'n Roeping, want hulle is die draers van die Calvinistiese beskawing tot in die hart van Afrika.

Soutpansdrif. JACS. VAN ROOY.